



Wanneer gaan die WHKS geïmplementeer word?

Die DWW het, volgens wet, tot op datum voorlopige bepalings van die Reserwe van waterhulpbronne onderneem. Die implementering van die WHKS, wat deur regulasies voorgeskryf word om die Waterhulpbronklassifikasiesistelsel te vestig, sal ingefaseer word en die klassifikasie van die Olifants-, Olifants-Doorn- en Vaalrivierstelsel is geskeduleer om 'n aanvang te neem in 2010. Die DWW sal daarna voortgaan om waterhulpbronne stelselmatig te prioritiseer en te klassifiseer.

Wie moet die WHKS implementeer?

Die DWW d.m.v die Direkoraat: Waterhulpbronklassifikasie is verantwoordelik om te verseker dat die WHKS geïmplementeer word en dat Waterhulpbronbestuursklasse dienooreenkomstig in die Staatskoerant gepubliseer word.

Die klassifikasiesistelsel verskaf aan waterhulpbronbestuurders spesifieke teikens/doelwitte waaraan voldoen moet word om die impak wat met verskeie watergebruikaktiwiteite gepaard gaan binne in 'n opvangsgebied te bestuur.

Sodra 'n bestuursklas bepaal is, is dit die verantwoordelikheid van alle watergebruikers om die impakte wat hulle het te bestuur en te voldoen aan die voorskrifte en voorwaardes wat neergelê word in die watergebruiksmagtigings wat ten doel het om te verseker dat daar aan die bestuursklas voldoen word.

Hoe kan watergebruikers deelneem aan die proses om waterhulpbronne te klassifiseer?

Omvattende vergaderings met alle belanghebbende partye sal gehou word gedurende die klassifikasieproses.


Wat het die klassifikasieproses in gemeen met ander inisiatiewe van die Departement?

Die klassifikasieproses word nie in isolasie uitgevoer nie, maar word met die beplanning vir waterhulpbronbeskerming, ontwikkeling en gebruik geïntegreer.

Wat is die huidige status en implementeringsplan vir die klassifikasiesistelsel?

Die ontwikkeling van die WHKS het gelei tot die publisering van die Regulasies vir die Instelling van die Waterhulpbronklassifikasiesistelsel (Regulasie 810 in Staatskoerant 33541 gedateer 17 September 2010). Die voltooiing van die WHKS is die beginpunt van die stelselmatige implementering en klassifikasie van waterhulpbronne in prioriteitsopvangsgebiede in Suid Afrika.


BESKERMING VAN WATERHULPBRONNE
Hierdie skematiese voorstelling illustreer die proses van waterhulpbronklassifikasie as die eerste stap in die proses om die beskerming van waterhulpbronne met die gebruik daarvan te balanseer binne die raamwerk van geïntegreerde waterhulpbronbestuur.



VERLANG U MEER INLIGTING?

Vir meer inligting, skakel Me Tovhowani Nyamande of Me Shane Naidoo by onderskeidelik die volgende telefoonnummers: 012 336 7521 of 012 336 6707, of stuur 'n e-posboodskap aan nyamandet@dwa.gov.za of naidooshane@dwa.gov.za.

IMPLEMENTERING VAN 'N WATERHULPBRON-KLASSIFIKASIESISTELSEL



Tol vry 0800 200 200
www.dwa.gov.za

AGTERGROND EN INLEIDING

Dit word algemeen erken dat sommige waterhulpbronne uit die aard van hul ekologiese belangrikheid 'n hoë bewarings- en beskermingsvlak vereis, terwyl ander waterhulpbronne die land se noodsaaklike ontwikkeling en ekonomiese groei moet ondersteun. In ooreenstemming met die grondwetlike vereiste van volhoubare ontwikkeling, moet die benutting van waterhulpbronne volhoubaar wees.

Hoofstuk 3 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998), "NWW", word gewy aan die omvattende beskerming van waterhulpbronne en maak voorsiening vir 'n reeks maatreëls wat ten doel het om die voorgenome beskerming te verseker en sluit die klassifikasie van waterhulpbronne in soos deur die NWW voorgeskryf.

Die Departement van Waterwese (DWW) het 'n Waterhulpbronklassifikasiesistelsel (WHKS) soos voorgeskryf deur die Regulasies ingevolge artikel 12(1) van die NWW ingestel. Die voorgeskrewe WHKS is 'n stap-vir-stap proses waarvolgens waterhulpbronne in spesifieke klasse gekategoriseer word wat 'n bestuursvisie verteenwoordig vir 'n spesifieke deel van of die totale opvangsgebied. Die toestand van die waterhulpbron en die ekologiese, maatskaplike en ekonomiese aspekte wat met die waterhulpbronne verband, moet in ag geneem word.

Die implementering van die WHKS vereis dat die maatskaplike, ekonomiese en omgewingsaspekte in 'n opvangsgebied in ag geneem word om die kostes en voordele te bepaal wat met die verskillende vlakke van benutting en beskerming van 'n waterhulpbron verband hou.

Die WHKS omskryf drie waterhulpbronklasse: "minimaal", "matig" en "ten volle benut". Elk van die klasse beskryf 'n toestand van die waterhulpbron vanaf minimaal benut tot en met 'n toestand van volle benutting en beskryf ook die maatskaplike en ekonomiese afhanklikheid van die waterhulpbron.

Die WHKS is 'n integrale deel van 'n wye reeks waterhulpbronnaatreëls wat ten doel het om 'n toepaslike balans tussen die gebruik en die beskerming van waterhulpbronne te verseker.

Die klassifikasie van waterhulpbronne verteenwoordig die eerste stap in die proses om die beskerming van die waterhulpbron te verseker. Die klassifikasie het die bepaling van die hoeveelheid en gehalte tot gevolg wat vereis word vir die instandhouding van die water-ekostelsels, asook die handhawing van ekonomiese aktiwiteite wat weer maatskaplike welstand moet verseker.

Waterhulpbronne word geklassifiseer in een van die volgende klasse:

Klas I: 'n Waterbron wat minimaal benut word en die ekologiese toestand van die waterbron het minimaal verander vanaf die toestand wat bestaan het voor enige ontwikkeling plaasgevind het.

Klas II: 'n Waterbron wat matig benut word en die ekologiese toestand het matig gewysig vanaf die toestand wat bestaan het voor enige ontwikkeling plaasgevind het.

Klas III: 'n Waterbron wat ten volle benut word en waarvan die algehele ekologiese toestand aansienlik gewysig het vanaf die toestand wat bestaan het voor enige ontwikkeling plaasgevind het.

Prosedure vir die bepaling van 'n waterhulpbronklas (7 stap-proses):

1. Baken die eenhede vir die bepaling van die klas af en beskryf die huidige toestand van die waterhulpbron.
2. Bepaal die verband tussen die maatskaplike, ekonomiese en ekologiese waarde en toestand van die waterhulpbron.
3. Kwantifiseer die ekologiese waterbehoefes en die veranderinge in die nie-watergehalte goedere, dienste en eienskappe van die ekosistiem.
4. Bepaal 'n ekologies-volhoubaar-gebaseerde samestelling en scenario.
5. Evalueer scenarios binne die geïntegreerde waterhulpbronbestuursproses.
6. Evalueer elk van die scenarios in samewerking met belanghebbende partye.
7. publiseer die waterhulpbronklassamestelling van die opvangsgebied in die Staatskoerant.

VRAE WAT DIKWELS GEVRA WORD

Wat is die Waterhulpbronklassifikasiesistelsel (WHKS)?

- Die WHKS is 'n stel prosedures en metodes wat deur regulasies voorgeskryf word vir die bepaling van verskillende waterhulpbronbestuursklasse van die waterhulpbronne in 'n opvangsgebied.
- Die WHKS skryf 'n aantal prosedures voor wat in sewe stappe saamgegroepeer is sodat wanneer dit gebruik word in 'n opvangsgebied dit die handhawing van 'n balans tussen benutting en beskerming van die waterhulpbron sal verseker. Die resultaat van die klassifikasie van 'n waterhulpbron is die beskrywing van 'n stel verlangde eienskappe van elk van die waterhulpbronne in die opvangsgebied.

- Die 7-stap-klassifikasieprosedure word omskryf in die tegniese riglyndokumente en is beskikbaar by die volgende internet webskakel:

<http://www.dwa.gov.za/Documents/Policies/WRPP/default.htm>

Hoekom moet ons waterhulpbronne klassifiseer?

Die bepaling van 'n waterhulpbronklas is die eerste stap in die beskerming van waterhulpbronne ten einde volhoubare benutting te verseker.

Wat is 'n waterhulpbronbestuursklas?

Die waterhulpbronbestuursklas, wat kan wissel vanaf minimaal tot ten volle benut, beskryf die toestand van die waterhulpbron en daarom ook die mate waartoe die bron benut kan word.

Wat behels die klassifikasieproses?

Die proses begin by die gebruik van die WHKS om die huidige toestand van die waterhulpbron (of 'n gedeelte daarvan) te bepaal in terme van die ekologiese en biofisiese eienskappe. 'n Konsultasieproses word dan onderneem waarby die klassifikasiesistelsel gebruik word en die ekologiese, maatskaplike en ekonomiese aspekte in ag geneem word om 'n verlangde toekomstige toestand van die waterhulpbron daar te stel.

Wat is die eindresultaat van die klassifikasieproses?

- Bestuursklasse (Klas I, II of III)
- Die Reserwe wat die klas sal ondersteun
- Hulpbrongehalte-oogmerke (HGOs)

Wat is die verband tussen die Reserwe en die HGOs?

Die bestuursklas van 'n waterhulpbron bepaal die afsnypunte vir die volume, verspreiding en gehalte van die Reserwe en HGO's en bepaal derhalwe die gedeelte van 'n waterhulpbron wat vir gebruik toegeken kan word. Die HGOs is 'n stel beskrywende en numeriese bestuursdoelwitte wat vir waterhulpbronne bepaal word in ooreenstemming met die bestuursklas.

Wat gaan van die bestaande voorlopige Reserwebepalings word?

Die bestaande voorlopige bepalinge van die Reserwe is geldig en wetlik afdwingbaar totdat dit vervang word deur 'n bestuursklas wat in die Staatskoerant gepubliseer word.